

HANTAM MUNISIPALITEIT

ADMINISTRATIEWE

BELEID

INHOUDSOPGAWE

1.	Tydlike huisvesting (sinkhutte) en informele gebiede	2
2.	Aankoop van erwe/Grondbeleid/Grondeise	2-14
3.	Omgewingsgesondheidsdienste – NDM	14-15
4.	Onderverdeling/hersonering/vergunning	15-19
5.	Honde in Natuurresvaat en Akkerendam	19
6.	Straatbome	19
7.	Gastehuse	19
8.	Padtekens	19
9.	Spoedhobbels	19
10.	Verhuur van sale/ Sportgronde	19-20
11.	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	20-23
12.	Middelpos en Swartkop	23-24
13.	Meentbeleid	24-35
14.	Bouplan goedkeuring en Boulynversagting	35-36
15.	Hantampark – gebruik deur atlete	36
16.	Swembad Nieuwoudtville	36
17.	Mobiles	36-38
18.	Burgerlike Beskerming	39-51
19.	Geintegreerde Afvalbestuursplan	51
20.	Ruimtelike Ontwikkelingsplan Conservation International	51-52
21.	Turn Around Strategy	52
22.	Waterdienste Plan	52
23.	Skutverordeninge	52
24.	Afbakening Grense	52-53

25.	Wykskomitee's	53
26.	Sosiale Verantwoordelikheid – Projekte en Food for Waste	53
27.	Spatial Development Framework	53
28.	Optogte	54

1. TYDELIKE HUISVESTING (SINKHUTTE) EN INFORMELE GEBIEDE

Waar bouplanne vir tydelike strukture (sinkhutte) goedgekeur word is dit 'n vereiste dat die hutte nie vas aan bestaande huismure opgerig mag word nie aangesien ventelasie en brandgevaar in ag geneem moet word.

Die raad steun Regeringsbeleid wat sê dat die vestiging van nuwe informele gebiede nie aangemoedig word nie. Die idiaal is om 'n informele bewoner op 'n gedienste erf te plaas sodat wanneer fondse beskikbaar is vir 'n formele huis die bewoner nie weer geskuif hoef te word na 'n nuwe perseel nie.

Daar moet gelet word op die standaard van die struktuur asook die beskikbaarheid van dienste en die veiligheid.

Daar is nie begroor vir dienste by die informele gebiede in die 2011/12 finansiële jaar nie en tydelike dienste sal geïnstalleer word totdat fondse vir permanente dienste verkry is.

Wanneer daar weer huise beskikbaar raak moet die inwoners van die kleihuise eerste geakkommodeer word waarna die kleihuise platgestoot moet word.

2. AANKOOP VAN ERWE / GRONDBELEID/GRONDEISE

Waar 'n eienaar reeds oor twee erwe beskik, word daar nie verdere erwe aan hom/haar toegeken nie.

Dat die volgende riglyne van toepassing sal wees vir die verkoop van munisipale erwe:

1. Erwe moet per tender adverteer word.
2. Die oprig van lae—inkomstebehuisings op residensiële erwe sal voorkeur geniet by toekenning van erwe.

3. Die oprig van goedgekeurde steenstrukture op die erwe sal 'n vereiste wees.
4. Persone wat reeds erwe gekoop het, maar nog nie die volle koopsom betaal het nie of reeds die volle koopsom betaal het, maar nog nie gereël het vir transporter nie, moet die raad dringend kontak. Kooptransaksies van erwe wat dus nie deurgevoer word tot by transporter in die koper se naam nie sal deur die raad herverkoop word."

Erwe te Rondomskrik Brandvlei sal verkoop word teen R400 elk en sal op die kopers se name oorgedra word wanneer die koopprys klaar betaal is.

Waar erwe aan die raad geskenk word moet die dienste en belastinggelde betaal wees soos op datum waarop die skenking skriftelik aan die raad gemaak word. Die skenker word daarna (tot oordrag geskied) vrygeskeld van die betaling van die betrokke gelde.

Waar die raad erwe verkoop word slegs een erf per aansoeker toegestaan. 'n Uitsondering word egter gemaak waar die aansoeker twee erwe langs mekaar wil koop en die erwe dadelik konsolideer.

GRONDBELEID

WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie beleid, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

- (1) **Hantam Munisipaliteit** 'n Plaaslike regeringsinstansie daargestel ingevolge die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).
- (2) **Ruimtelike Ontwikkelingsplan** 'n Omvattende plan wat die toekomstige gebruik van vakante grond in die Hantam Munisipale regsgebied weêrlê.
- (3) **Enkel residensiële erwe** wanneer gebruik in die konteks lae koste behuising beteken residensiële erwe kleiner as 500 m² spesifiek geormerk vir die vestiging van lae koste behuising.
- (4) **Lae koste behuising** beteken behuising daargestel vir mense in 'n lae inkomste groep ingevolge die Wet op Behuising, Wet 107/1997.
- (5) **Enkel residensiële erwe** wanneer gebruik in die konteks van ekonomiese gebruik beteken residensiële erwe groter as 500 m² vir residensieël asook ander grondgebruik soos vervat in die Hantam Skema Regulasies.
- (6) **Ontwikkeling/Ontwikkel** die gebruik van grond of 'n deel daarvan of fisiese verbetering van die grond deur dit voor te berei vir ontwikkeling,

- (7) *insluitende die opvulling van grond, dreinerings of gelyk maak van grond, installering van ingenieursdienste, die onderverdeling van grond en die oprigting, verandering of uitbreiding van geboue op grond.*
- (8) **Ontwikkelaar** 'n Besigheidsentiteit of natuurlike persoon wat munisipale grond op eie koste wil ontwikkel.
- (9) **Meentgrond** Die gebiede binne die regsgebied van die Hantam Munisipaliteit wat vir weidingsdoeleindes aan lede van spesifieke groepe van die Hantam Munisipaliteit gemeenskappe beskikbaar gestel is.
- (10) **Markverwante waarde** 'n Markverwante waarde met betrekking tot grond of geboue, 'n geregverdigde gewaardeerde waarde gekoppel aan grond of geboue en waarop dit in die ope mark verhandel.
- (11) **Swart Ekonomiese Bemagting** Soos ingevolge die bepalings van Hantami Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid.
- (12) **Hersonering** 'n verandering van een kategorie grondgebruiksaktiwiteit na 'n ander kategorie.
- (13) **Onderverdeling** daar grond onderverdeel deur middel van opmeting
- (14) **Konsolidasie** twee of meer erwe saamgevoeg word ten einde as een nuwe erf met 'n nuwe erf nommer en grootte geregistreer te word.
- (15) **Onroerende eiendom** vakante grond of geboue in die Hantam regsgebied waarvan Hantam Munisipaliteit die regmatige eienaar is.
- (16) **Openbare ruimtes** grond aangewys as openbare ruimtes op 'n algemene plan of diagram of gespesifiseer binne die soneringskema van Hantam Munisipaliteit en beteken enige grond wat in besit is van die Munisipaliteit, of gaan kom, nie op 'n langtermyn verhuur gaan word nie en aangewend word of gaan word deur die publiek as 'n oopruimte, park, tuin, speelterrein, ontspanningsterrein, piekniek terrein of plein.
- (17) **Beampte van die Raad** Beampte in diens van Hantam Munisipaliteit.
- (18) **Uitsteeksels** 'n Veranda, balkon, teken, uithangbord of soortgelyke struktuur, toestel of lis wat in of oor 'n openbare plek of openbare straat uitsteek.
- (19) **Oorskrydings** met betrekking tot grond, om die sy-, agter- en straat grense se beperking soos in Hantam Munisipaliteit se Skemaregulasies te oorskry.

1. INLEIDING

Hantam Munisipaliteit erken dat die beskikbaarheid van grond van kritieke en primêre belang is vir enige soort grondontwikkeling. 'n Aanvaarbare en billike oplossing vir grondaanvraag is 'n belangrike komponent vir die uitbouing en volhoubaarheid van die Grondwetlike Demokrasie in Suid-Afrika. Die doel van die beleid is om nie die bestaande grondregte te skend nie, maar om leiding te

verskaf vir die vervreemding en gebruikverandering van grond in die toekoms binne die munisipale grense van Hantam Munisipaliteit.

2. VISIE

Om die mees suksesvolle en verantwoordpligtige Munisipaliteit te vestig deur 'n uitstaande verbruiker georiënteerde diens te lewer tot voordeel van die breër gemeenskap.

3. MISSIE

Hantam Munisipaliteit streef daarna om beperkte beskikbare hulpbronne optimaal, effektief en verantwoordbaar aan te wend ten einde:

- Uitstaande munisipale dienste aan die gemeenskap te lewer; en
- Ekonomiese ontwikkeling in die gebied met klem op die agtergeblewe areas te stimuleer.

4. DOELWITTE / OOGMERKE

- Die doel van die beleid is om leiding te gee om op 'n konsekwente basis munisipale grond te vervreem vir ontwikkelingsdoeleindes.
- Verdermeer maak die beleid ook voorsiening vir die bevordering van swart en vroue bemagtiging soos bepaal in Wet 53/2003.
- Die bevordering van geleenthede aan voorheen benadeelde persone se deelname in die eiendomsmark (eiendomsontwikkeling, bestuur, beleggingsmark, sakesektor en residensieël)
- Om 'n regverdig en billike verdeling van grond te verseker.
- Om 'n beginsel prosedure te ontwikkel wat ook die ongelyke grond eienaarskap aanspreek.
- Die behoefte aan grondhervorming om armoede te verlig en by te dra tot ekonomiese groei.
- 'n Grondbestuurstelsel wat 'n volhoubare patroon ondersteun vir die snelle beskikbaarstelling van grond vir ontwikkeling.
- Die verdere vestiging van die menslike integrasie soos aangedui in die Wet op Ontwikkeling Fasilitering van 1995 vir die oorbrugging van die verdraaide rasse vestigings wat as gevolg van die apartheids regime ontstaan het.

5. RIGSNOER

Die vervreemding van grond sal oorwegend die ongelyke grondeienaarskap aanspreek deur voorkeur te gee aan die histories voorheen benadeelde individue

onder andere swartes, vrouens en gestremde persone wat deur vorige rasse regulasies benadeel is.

6. HANTAM RUIMTELIKE ONTWIKKELING BEGINSELS

Die oogmerk in Ruimtelike Ontwikkeling Beplanning is om 'n geskikte grondgebruik bestuur en verstandige grondgebruik te verseker wat gebasseer is op die volgende beginsels:

- **Volhoubaarheid**

Grond mag alleenlik gebruik en ontwikkel word ingevolge die toepaslike wetgewing en grondgebruikbeplanning en ontwikkeling moet te alle tye die natuur, omgewing en kulturele hulpbronne beskerm asook die integrasie vir die voorkoming van rampe of die verligtingsmaatreëls daarvan.

- **Gelykheid**

Grondgebruikbeplanning en ontwikkeling moet saamgestelde menslike vestigings bevorder wat lae intensiteit in wyd uitgestrekte dorpsgebiede bekamp.

- **Integrasie**

Grondgebruikbeplanning en ontwikkeling sal in aanmerking geneem word en betrekking hê op sektorale beleide van ander liggame in die omgewing en Departemente van die Regering en sal rasse integrasie, funksionele en integrale vestigings bevorder.

- **Goeie Beheer**

Die proses van grondgebruikbeplanning en ontwikkeling moet ten alle tye deursigtig en openlik wees. Besluite rakende grondgebruik en ontwikkeling moet voldoen aan bogenoemde beginsels, maar berus die finale besluit oor watter beginsel meer gunstiger is vir enige bepaalde omstandighede by die besluitnemers.

7. GLOBALE OORSIG OOR GRONDEIENAARSKAP IN DIE HANTAM MUNISIPALE GEBIED

Die kern verantwoordelikheid van Hantam Munisipaliteit is om grond te bekom en beskikbaar te stel ten einde sosiale en ekonomiese ontwikkeling te vergemaklik.

Hierdie Grondbeleid is 'n gereedskapstuk vir die vervreemding van grond wat ongelykhede en eienaarskap in die Hantam Munisipale Gebied aanspreek. Laasgenoemde word gebasseer op die feit dat die Raad van Hantam Munisipaliteit erken en bevestig dat in die realiteit eienaarskap hoofsaaklik aan die voorheen bevoorregte persone behoort het en dat hierdie toedrag van sake nou verander word deur die herverdeling en toedeling van grond aan die histories voorheen benadeelde groepe.

8. PROSEDURES/RIGLYNE AANGAANDE GROND VERVREEMDING PROSES

9.1.1 Enkel residensiële erwe (Lae koste behuising)

Die administratiewe hantering van die aanbiedinge en aansoeke vir enkel residensiële erwe moet geskied binne die voorskrifte van hierdie beleid. Die aanspreek van die ongebalanseerde eienaarskap van die verlede moet streng beklemtoon word. Hantam Munisipaliteit sal die prys van die grond bepaal met inagneming van die ontwikkelingskoste (installering van dienste, ensovoorts) van die grond.

Die vervreemding van enkel residensiële erwe in sub-ekonomiese gebiede sal beperk word tot een (1) erf per individu en aansoeke vir meer as een (1) erf sal alleenlik oorweeg word indien die aansoeker 'n Ontwikkelaar is.

Hantam Munisipaliteit moet ten alle tye poog om staatsfondse te bekom vir lae koste behuisingsontwikkelings.

9.1.2 Enkel residensiële erwe (ekonomies)

In ekonomiese woongebiede sal 'n individu toegelaat word om meer as een erf te koop. 'n Bouklousule heffing sal van toepassing wees op alle ekonomiese erwe, tesame met 'n boutydperk van ses maande tot een jaar na ondertekening van die koopkontrak.

Slegs bruikbare grond kom in aanmerking vir prysbepaling en laer tariewe kan gehef word op rotsgebiede. Eienaars kan verhoë rig om die waardasies van grond te verminder.

9.2 Multi-residensiële ontwikkeling

Grond mag alleenlik gebruik en ontwikkel word ingevolge die toepaslike wetgewing en grondgebruikbeplanning en ontwikkeling moet ten alle tye die natuur, omgewing en kulturele hulpbronne beskerm asook die integrasie vir die voorkoming van rampe of die verligtingsmaatreëls daarvan.

9.3 Ontwikkeling: Behuising vennootskap

Die Raad van Hantam Munisipaliteit sal billike grond beskikbaar stel aan ander vennootskappe (Ontwikkelaars) vir die middel of hoë inkomste behuisingsontwikkeling onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Die installasie van massa dienslewering sal deur middel van onderhandeling tussen die Munisipaliteit en die Ontwikkelaar aangegaan word waar geen dienste struktuur bestaan nie.
- Die Ontwikkelaar sal verantwoordelik wees vir alle huisaansluitings volgens die bepaling van die tariefbeleid van die Raad.

- Die Ontwikkelaar sal verantwoordelik wees vir alle kostes aangaande die grond in terme van opmeting, sonering, hersonering, oordragte en onderverdeling indien dit nodig sal wees.
- Waar die gedeelte grond reeds deur die Raad opgemeet en onderverdeel is ensovoorts sal die Ontwikkelaar verplig wees om aan Hantam Munisipaliteit 'n bedrag gelykstaande aan 10% van die verkoopprijs plus die ontwikkelingskoste aangegaan deur Hantam Munisipaliteit.
- Die prys van die grond sal deur die Hantam Munisipaliteit bepaal word en die Hantam Munisipaliteit mag oorweging skenk aan 'n vermindering in die markprys van die grond onderworpe daaraan dat onderhandel word vir 'n teenprestasie soos byvoorbeeld ontwikkeling van laekostebehuising/-erwe.
- Vennootskap Behuisingsontwikkeling word ook as 'n hoë prioriteit beskou en Hantam Munisipaliteit sal die finale besluit neem by sulke aansoeke.
- Gelyke Vennootskap Ontwikkeling sal in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid hanteer word.
- Ontwikkeling deur 'n Ontwikkelaar sal in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid hanteer word.
- Ontwikkeling deur Hantam Munisipaliteit.

9.4 Sake en Industriële grond & Individue vs Groot sake/industriële ontwikkeling

Die Munisipaliteit mag sekere gedeeltes grond vir sake sones en industriële doeleindes beskikbaar stel volgens hulle strategiese liggingsbepaling. Hierdie erwe sal beskikbaar gestel word aan die algemene publiek deur middel van publieke veiling of tender proses soos bepaal deur die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

9.5 SOSIALE / SPORT / INSTITUSIONELE ERWE

Sosiale / Sport / Institusionele erwe verwys na grond geormerk vir godsdienstige doeleindes, voorskoolse ontwikkeling en sosiale dienste doeleindes. Toewysing van hierdie erwe sal op die basis van kriteria, voorkeur en prioriteite gedoen word onderhewig aan Munisipale goedkeuring. Spesiale pryse is onderhandelbaar met 'n terugvalklousule aan die Munisipaliteit sou die erf nie meer vir die spesifieke doel, soos ooreengekom, aangewend word nie.

9.6 MUNISIPALE MEENTGROND

Meentgronde binne die Hantam munisipale gebied moet ingevolge die toepaslike wetgewing (Wet 9 / Transformasie wet) hanteer word, dit wil sê dorpsmeent en buitemeent.

9.6.1 Grond vir Plotte (klein plase)

Meentgrond sal hoofsaaklik gebruik word vir die doel om die armes, byvoorbeeld opkomende boere die geleentheid tot toegang tot sulke grond te gee. Gebruikers van hierdie grond sal 'n nominale fooi volgens die weidingsregulasies betaal vir die onderhoud van die infrastruktuur op die grond.

9.6.2 Grond vir Mynbou aktiwiteite

Sal gereël word volgens bepalings en wetgewing soos bepaal deur die Departement van Mineraal- en Energiesake.

Die Munisipaliteit moet let op die sosiale ontwikkelingsplan en nakoming van verskeie permithouers op munisipale grond.

9.6.3 Verkoop van meentgrond aan ander staatsinstansies/ privaat instansies / individue

Die Raad van Hantam Munisipaliteit mag in terme van samewerking en bestuur grond aan ander staatsinstansies verkoop deur middel van een van die volgende metodes verkoop ingevolge relevante wetgewing:

- i) Verkoop grond teen 'n markverwante waarde, of
- ii) Verkoop grond teen 'n verminderde bedrag, of
- iii) Verhuur die grond vir 'n voorgestelde periode, of
- iv) Oordrag van grond betrokke op 'n nul rand nul sent basis (gratis).

10 BEVORDERING VAN DIE BREË GEBASEERDE SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB)

- i) Alle aansoeke van geïnisieerde SEB maatskappye vir sake en of industriële ontwikkeling sal voorkeur geniet ingevolge die beginsels en voorskrifte van die voorsieningskanaalbestuursbeleid en die voorkeurverkrygingsbeleid.
- ii) Om toe te laat dat gelyke geleenthede aan alle moontlike SEB maatskappye gegee word sal een maatskappy nie meer as twee beleggings moontlikhede in die munisipale area ontvang nie behalwe in uitsonderlike gevalle waar anders besluit word;
- iii) Die Raad van Hantam Munisipaliteit mag die termes en voorwaardes asook die minimum prys (minder as die verwante markwaarde) vir die verkoop van die grond aan 'n SEB maatskappy vasstel wat in lyn is met die doelwitte en oogmerke van hierdie beleid;

- iv) Onder sekere omstandighede mag die Raad grond aan 'n SEB maatskappy verkoop teen R1,00 (Een Rand) per vierkante meter indien die maatskappy kan bewys dat dit finansiële ondersteuning het vir 'n ontwikkeling van meer as R500 000;
- v) Hantam Munisipaliteit verseker dat 80% van die beskikbare grond vervreem sal word vir die gebruik tot voordeel van die voorheen benadeelde individue of groepe.

11 VOORWAARDES VAN VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM

11.1 Geen aansoek sal geprosesseer word nie tensy die applikant skriftelik bevestig het dat hy/sy alle koste sal betaal, dit is, regskostes, opmeting, hersonering, onderverdeling, konsolidasies, advertering, herlei of voorsiening van dienste. 'n Deposito om onvoorsienbare uitgawes te dek, mag ook vereis word.

11.2 Die volgende (kontant of bank gewaarborgde tjeks) deposito's sal van toepassing wees ten opsigte van verhurings waar die huur op markwaarde gebaseer is:

- (i) 'n deposito gelykstaande aan 2 maande se huur vir kommersiële transaksies;
- (ii) 'n deposito gelykstaande aan 1 maand se huur vir residensiële en maatskaplike dienste transaksies.
- (iii) Geen deposito nie ten opsigte van tuin- en parkeerverhurings ander dan kommersiële parkeerverhurings.

11.3 Geen onroerende eiendom sal onderverhuur, gesedeer of toegewys word sonder die voorafverkreë toestemming van die munisipaliteit nie.

11.4 'n Eienaar van onroerende eiendom wat aangrensende munisipale onroerende eiendom huur, mag deur sy opvolger in titel vervang word vir die duur van die oorblywende termyn van huur, soos nodig mag wees, op dieselfde terme en voorwaardes en/of addisionele terme en voorwaardes.

11.5 Huurgeld sal jaarliks eskaleer teen 'n persentasie soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal.

11.6 Die Huurder van munisipale eiendom sal verantwoordelik wees vir die betaling van belastinge en dienstegeelde.

11.7 Die verhuring van lanings, openbare oopruimtes en padreserwes sal onderhewig wees aan die volgende:

- (i) Sluiting/beskerming tot die munisipaliteit se bevrediging;
- (ii) Koste vir die herlei of installering van dienste, waar nodig, sal vir die rekening van die huurder wees.

(iii) Beskerming van serwitute

- 11.8 Die Huurder moet die munisipaliteit vrywaar teen enige moontlike eise voortspruitend uit die verhuring of gebruik van die onroerende eiendom.
- 11.9 Wanneer grond vir ontwikkeling verhuur word, moet sodanige ontwikkeling, indien toepaslik, 'n aanvang neem binne een jaar, of sodanige langer tydperk waartoe ooreengekom word, vanaf datum van okkupasie of in ooreenstemming met die bepalings van die verhuurooreenkoms of die ontwikkelingsprogram wat deur die Huurder voorgelê is en moet dit voltooi word in ooreenstemming met die voorwaardes van die verhuurooreenkoms of die ontwikkelingsprogram. 'n Opskortende voorwaarde moet in die verhuurooreenkoms ingesluit word om voorsiening te maak vir verbeurdverklaring ingeval daar nie binne die vereiste tydperk 'n aanvang met die ontwikkeling gemaak word nie.
- 11.10 Behalwe met vooraf toestemming, mag die eiendom slegs gebruik word vir die doeleindes waarvoor dit verhuur is en die doeleindes gereguleer deur stadsbeplanningskemas.
- 11.11 Die verhuurooreenkoms, waar toepaslik, moet binne 60 dae vanaf datum van 'n amptelike versoek van die munisipaliteit, gefinaliseer en gesluit word. Versuim om binne 60 dae vanaf die datum van die versoek, daaraan te voldoen, sal die toekenning geag te wees te verval het en die applikant sal sy/haar deposito verbeur en aanspreeklik gehou word vir die koste wat die bedrag van die deposito oorskry.
- 11.12 Beampptes van die munisipaliteit sal ten alle redelike tye geregtig wees om die onroerende eiendom te betree en dit te inspekteer.
- 11.13 Alle ooreenkomste sal 'n klousule bevat wat van die huurder vereis om die verhuurde eiendom in stand te hou.
- 11.14 Alle ooreenkomste sal 'n klousule bevat wat vereis dat goedgekeuring vir verbeterings aangebring deur die huurder en wat die munisipaliteit wens te behou, sonder vergoeding, na die munisipaliteit sal terugval sodra die huurtermyn verstryk en/of ingeval die ooreenkoms, as gevolg van 'n verbreking van die voorwaardes, gekanselleer word.
- 11.15 Huurtermyne sal nie 9 jaar en 11 maande oorskry nie, onderhewig aan die diskresie van die munisipaliteit.

12 **VERHUURTERMYNE VIR KORT/TYDELIKE GEBRUIK**

- 12.1 Dat alle voorwaardes (paragraaf 4 - Doelwitte/ oogmerke) van toepassing sal wees ten opsigte van die verhuur van onroerende eiendom vir kort/tydelike gebruik en nie 'n opsie om te hernu bevat nie.
- 12.2 Onroerende eiendom wat vir kort termyn periodes verhuur word, dit is 14 dae vir sirkusse, ensovoorts sal aan die volgende onderhewig wees;

- (a) Die nodige aansoekvorm voltooi en die huurgeld vooruitbetaal word;
- (b) Die applikant, indien benodig, op sy koste dienste, dit is vullis, water, elektrisiteit, ablusie fasiliteite, ensovoorts te verskaf of met die munisipaliteit te reël vir die voorsiening daarvan;
- (c) Die applikant die grond in sy oorspronklike toestand terug te besorg;
- (d) Die huur deur die munisipaliteit bepaal word;
- (e) Die applikant die munisipaliteit vrywaar teen enige eise;
- (f) Die applikant skriftelik onderneem om die munisipaliteit vir skade aangerig aan munisipale eiendom, wat uit welke omstandighede ookal mag ontstaan, te vergoed.

13 UITSTEEKSELS, UITSTEEKSTRUKTURE EN OORSKRYDINGS

13.1 Die munisipaliteit mag, onderhewig aan sodanige voorwaardes en wetgewing as wat hy raadsaam mag ag, insluitende die betaling van 'n huur –

- (a) die oprigting of behoud van 'n veranda, balkon, teken, uithangbord of soortgelyke struktuur, toestel of lis wat in of oor 'n openbare plek of openbare straat uitsteek of strek (hierna verwys as 'n uitsteeksel) toelaat; met dien verstande dat –
 - (i) die oprigting of behoud van sodanige uitsteeksel nie toegelaat sal word op 'n vlak van meer as een verdieping nie.
 - (ii) geen sodanige uitsteeksel mag vir geheel tot 'n hoogte van meer as een komma vyf meter, gemeet van die vloerhoogte daarvan, toegemaak word nie; en
 - (iii) sodanige uitsteeksel mag gedeeltelik tot 'n hoogte van meer as een komma vyf meter, gemeet vanaf die vloerhoogte daarvan, toegemaak word slegs met die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die munisipaliteit mag oplê, of
- (b) waar die oprigting of behoud van 'n gebou of struktuur wat in, oor of onder enige openbare plek of openbare straat (hierna verwys as 'n uitsteekstruktuur) nie ingevolge paragraaf (a) toelaatbaar is nie, die oprigting of behoud daarvan wel toegelaat sal word waar die grond wat sodanige plek of straat beslaan –
 - i. nie deur die munisipaliteit besit word nie, indien, na die mening van die munisipaliteit, sodanige uitsteekstruktuur nie die konstruksie, onderhoud en gebruik van sodanige plek of straat sal belemmer, beperk of inbreek daarop maak nie, of
 - ii. deur die munisipaliteit besit word, indien, na die mening van die munisipaliteit, sodanige uitsteekstrukture opgerig word as 'n deel van die ontwikkeling van eiendom in ooreenstemming met 'n bepaling wat in die raad se dorpsaanlegskema vervat is en wat spesifiek op so 'n eiendom van toepassing is.

13.2 Wanneer op munisipale eiendom onder die beheer of bestuur van die munisipaliteit oorskry word, mag die munisipaliteit sodanige stappe

as wat na die mening van die munisipaliteit nodig mag wees, neem, om sodanige oorskryding te verwyder of dit te reguleer.

- 13.3 Die munisipaliteit mag die grootte van 'n openbare plek of openbare straat waarop oorskry word, verminder met die grootte van die oorskryding of sodanige groter oppervlak as wat, na die mening van die munisipaliteit, wenslik mag wees.

MONITERING EN EVALUERING VAN BELEID UITVOERING

	AKTIWITEIT	TYDSRAAMWERK VIR RAPPORTERING	VERANTWOORDELIKHEID
1	Voorsien Komitee/Raad kwartaalliks van 'n verslag oor die uitvoering van die beleid	Kwartaalliks	Hoof: Institusionele Dienste Hoof: Infrastruktuur Dienste
2	Grond oudit ondersoek moet jaarliks gedoen word oor die toewysing aan histories benadeelde individue	Jaarliks (saam met die begrotingstydperk)	Hoof: Finansies Hoof: Institusionele Dienste
3	Grond beskikbaar stel vir groot ontwikkeling vs die hoeveelheid werksgeleenthede verskaf	Jaarliks	Hoof: Finansies Hoof: Institusionele Dienste Hoof: Infrastruktuur Dienste
4	Verhuringkontrakte van sportaktiwiteite/fasiliteite by tennisbane rugbyvelde, ens moet hersien word.	Invloed van die beleid	Hoof: Sosiale Dienste
5	Die inkomstebedrag genereer as gevolg van grondverkope	Maandeliks	Hoof: Finansies
6	Aanduiding van herbeleggings van inkomste genereer	Kwartaalliks	Hoof: Finansies
7	Jaarlikse grondhervorming beleid uitvoering en verslagdoening	Jaarliks	Munisipale Bestuurder Senior Bestuur
8	Verslag oor ondersteuning ontvang van staatsdepartemente om grondeienaarskap te bevorder/bespoedig (Titelaktes)	Kwartaalliks	Hoof: Institusionele Dienste

BYVOEGINGS TOT GROND BELIED: ERWE, GRONDTOEKENNINGS EN VERHURINGS

1. Alle wyksaangeleenthede word eers in die Munisipale posboek aangeteken vir rekord doeleindes en opvolgwerk indien nodig. Daarna word alle skrywes of versoeke na die betrokke Raadslid en Wykskomitee verwys vir bespreking en hul aanbeveling. Verslae in notulevorm met die nodige aanbevelings of afkeurings met redes gaan dan na die Finansiële en Institusionele Komitee's vir verdere bespreking indien nodig en daarna vir bekragtiging na die Raad. Eers dan kan die begunstigde kom teken vir die erf en die nodige aansoekvorms by die dienspunt voltooi vir heffing van munisipale dienste.
2. Waar 'n persoon sterf sonder 'n boedel en die huis is nog op die raad se naam, sal die raad aandring dat 'n meestersverteenwoordiger aangestel word om die huis na die begunstigde oor te dra. Waar 'n huis nog nie oorgedra is op die eienaar se naam nie, en dié kom te sterwe, kan die huis deur middel van 'n drieledige ooreenkoms oorgedra word aan die erfgename, soos bepaal deur die testament.
3. Daar moet met 'n regsproses begin word om erwe wat by die raad aangekoop is terug te neem indien die koper versuim om die erwe op sy naam te transporteer.

Leêr: Hoof Admin.: Folder: Beleide Mei 11 verskeie.

4. Alle verkope van munisipale erwe, ekonomies sowel as sub-ekonomies, moet deur die Senior Klerk by die dienspunte hanteer word. Skriftelike aansoeke moet deur die aansoekers by die dienspunt ingedien word, waarna die betrokke Senior Klerk dit na die setel, Me. Lock, moet deurstuur. Slegs die Setel kan opdragte aan prokureurs gee vir die oordrag van die betrokke erwe en kan nie deur Senior Klerke self gedoen word nie. Erwe wat verkoop word moet eers kontroleer word ten einde seker te maak dat dit nie alreeds toegeken is of in proses van oordrag is nie.
5. 'n Behuisingskomitee word as volg saamgestel: Burgemeester, Munisipale Bestuurder, wyksraadslid van betrokke dorp en Hoof Infrastruktuur.
6. Die raad verleen goedkeuring aan die ooreenkoms soos voorgelê tussen die Raad en "Loeriesfontein Communal Property Association" ten opsigte van die grondeis te Loeriesfontein.
Leêr: Hoof Admin.: Folder: Beleide Mei 11 verskeie
7. Die raad sal self onderverdelings/hersonerings hanteer wat nie vir die raad enige probleme kan inhou nie. Dat waar daar moontlike probleme vir die raad mag voorkom, sal dit verwys word na stads- en streeksbeplanners.
8. Departement Behuising bevestig dat persone wat 'n erf benodig voordat vir 'n subsidie aansoek ingedien word, nie die aankoopprys van die erf uit die subsidietoekenning kan betaal nie. Voordat 'n erf aan 'n persoon toegeken word moet seker gemaak word dat die persoon wel kwalifiseer vir 'n subsidie.
9. Lae Koste Behuisingstransporte : Raadsbesluit 180/11 van 1 Desember 2011: Leer
Hoof Admin.: Beleide Mei 11 verskeie

3. OMGEWINGSGESONDHEIDSDIENSTE - NDM

1. Dat die lewering van omgewingsgesondheidsdienste soos volg sal geskied:

Mnr. D. Pieterse van NDM sal die totale funksie van omgewingsgesondeidsdienste in die Hantam Munisipale gebied uitvoer.

2. Dat kennis geneem word dat die Munisipaliteit vir die lewering van die diens slegs 70% van die toekenning wat ons van Provinsie ontvang aan die Distriksmunisipaliteit sal oorbetaal.
3. Dat die gesondheidsbeamptes van NDM moet aanmeld by die kantore op die dienspunte alvorens inspeksies uitgevoer word.
4. Dat die gesondheidsbeamptes aan die raad verslag moet doen in die formaat wat die Hoof Sosiale Dienste vereis.
5. Dat mnr. D. Pieterse versoek moet word om die komiteevergaderings by te woon wanneer sy verslae behandel word.

4. ONDERVERDELING/HERSONERING/VERGUNNING

1. INLEIDING

Die Munisipaliteit behou hom die reg voor om voorskriftelik te wees met goedkeuring van die uitlegplan van die onderverdeelde gebied asook boustyl, kleurskema van huise en erf groottes. Hierdie vereiste word gestel om volgens die Munisipaliteit se diskresie die karakter van die dorp/omliggende gebied te komplimenteer. Die Spatial Development Framework sal ook as riglyn gebruik word by beoordeling van aansoeke.

Aansoekers vir hersonering/onderverdeling/vergunning ens. moet van geregistreerde stads-en streekbeplanners gebruik maak om aansoeke voor te berei. Die Munisipaliteit sal egter hersonering/onderverdeling/vergunning self hanteer wat volgens die Munisipaliteit se diskresie nie enige probleme kan inhou nie.

Die munisipaliteit kan volgens aanvaarbare praktyke vereis dat 'n huiseienaarsvereniging gestig moet word.

2. WATER EN ELEKTRISITEIT

2.1 Die punt van aansluiting in die munisipale straat waarvandaan munisipale hoofdiens aan die onderverdelingsgebied/erf voorsien word sal deur die Munisipaliteit bepaal word.

2.2 Interne hoofdiens en afsonderlike aansluitings binne die onderverdeelde gebied/erf moet op die ontwikkelaar/eienaar se koste en deur homself aangebring word volgens munisipale spesifikasies en alle water en elektrisiteitsaansluitings moet voltooi wees voordat die eerste erf van die onderverdeelde gebied/erf getranspoteer word. Diens moet ondergronds aangebring word. Die Munisipaliteit kan vereis dat 'n erf 'n water en/of elektrisiteitsaansluiting

ontvang wat deur 'n ander onderverdeelde erf loop om by die munisipale hooftoevoer aan te sluit.

2.3 Die normale aansluitingsfooi wat die Munisipaliteit hef, soos in die tarieflys vervat, is verder ook betaalbaar. Dienstegelde sal gehef word vanaf datum van goedkeuring van onderverdeling.

2.4 Die Ontwikkelaar/Huiseienaarsvereniging/eienaar aanvaar volle verantwoordelikheid vir eienaarskap en onderhoud van die retikulasie binne onderverdeelde gebied/erf (vanaf punt waar by munisipale hoofdienste in munisipale straat aangesluit word).

2.5 Die posisie van plasing van elke watermeter moet vooraf met die Munisipaliteit uitgeklaar word om meterlesings te vergemaklik. Voorafbetaalde meters word by elektrisiteit gebruik.

2.6 Straatbeligting, indien deur inwoners van onderverdeelde gebied verkies, moet op die Ontwikkelaar se koste en deur homself aangebring word. Die elektrisiteitsverbruik van die straatligte is ook vir koste van die Huiseienaarsvereniging.

2.7 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

3. INTERNE STRATE

3.1 Interne strate moet op die Ontwikkelaar/Eienaar se koste en deur homself aangebring word volgens munisipale spesifikasies.

Minimum standaard van interne strate is as volg:

3.1.1 Waar straat binne onderverdeelde gebied/erf vanaf 'n munisipale gruisstraat is moet interne strate ook minstens gruisstrate wees wat gebou moet word volgens munisipale spesifikasies.

3.1.2 Waar straat binne onderverdeelde gebied/erf vanaf 'n munisipale teerstraat is moet interne strate ook geteer of geplavei wees wat gebou moet word volgens munisipale spesifikasies.

Indien munisipale hoofdienste (water/elektrisiteitsnetwerke) in die nuwe strate aangebring moet word, waarby aanliggende erwe moet aansluit, moet dit op die Ontwikkelaar se koste en deur homself aangebring word volgens munisipale spesifikasies.

Die interne strate, met munisipale hoofdienste(water/elektrisiteitsnetwerke), moet voltooi wees voordat die eerste erf van onderverdeelde gebied getranspoteer word.

3.2 Ontwikkelaar/Huiseienaarsvereniging/Eienaar aanvaar volle verantwoordelikheid vir eienaarskap en onderhoud van strate binne onderverdeelde gebied (vanaf punt waar by munisipale straat aansluit).

3.3 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

4. RIOOL

4.1 Die munisipaliteit kan 'n gesamentlike riooldrein vir alle erwe in onderverdeelde gebied vereis wat op die Ontwikkelaar se koste en deur homself gebou moet word volgens Munisipale spesifikasies en wat groot genoeg is om maksimum een keer per week geleedig te word deur Munisipaliteit.

4.2 Posisie van riooldrein moet sodanig geplaas word dat dit maklik toeganklik vir munisipale rioolverwyderingsvoertuig is om suigtenk te ledig.

4.3 Ontwikkelaar/Huiseienaarsvereniging aanvaar volle verantwoordelikheid vir eienaarskap en onderhoud van gesamentlike riooldrein en retikulasie binne die onderverdeelde gebied.

4.4 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

5. STORMWATER

5.1 Stormwater wat vanaf omliggende gebiede en strate versamel, moet deur die Ontwikkelaar/erfeenaar ontvang word en weer op sy koste afgelei word na 'n punt wat vir die Munisipaliteit aanvaarbaar is.

5.2 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

6. VULLISVERWYDERING

6.1 Munisipaliteit sal huishoudelike vullis in swartsakke verwyder volgens tydskaal wat in die gebied van toepassing is. Swartsakke moet op aangewese dae op munisipale sypaadjie geplaas word aanliggend tot die onderverdeelde gebied/erf. Eienaars is self verantwoordelik vir voorsiening van swartsakke.

6.2 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

7. BRANDBESTRYDING/NOODDIENSTE

7.1 Interne strate binne onderverdelingsgebied/erf moet toeganklik vir brandbestryding/nooddienste wees.

7.2 Voldoende 60mm brandkrane moet op strategiese plekke binne die onderverdeelde gebied geplaas word vir brandbestryding indien die Munisipaliteit dit vereis en plek sal deur die Munisipaliteit uitgewys word.

7.3 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

8. MUNISIPALE DIENSTEREKENING

Die munisipaliteit behou hom die reg voor om die munisipale rekening vir dienste (water/elektrisiteit/sanitasie/riool/vullisverwydering en belastings) gesamentlik en/of afsonderlik van elke eienaar of van die Huiseienaarsvereniging te hef en te verhaal.

9. BOUKLOUSULE

9.1 Indien op 'n erf, na transportering, nie binne 2 jaar 'n voltooidde woonhuis opgerig is nie, kan die Munisipaliteit sodanige perseel belas asof daar 'n woning met markwaarde van R100 000 opgerig is.

9.2 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

10. BYDRAE TOT MUNISIPALE HOOFDIENSTE

10.1 Die Munisipaliteit sal toesien tot vergroting van bestaande munisipale hoofdienste om voorsiening te maak vir addisionele kapasiteit om onderverdeelde gebied/erf te diens.

10.2 Die Ontwikkelaar moet 'n bydrae maak van minimum R15 000 per nuwe erf of woonhuis wat geskep gaan word. Die Munisipaliteit kan in spesiale gevalle, waar die koste vir voorsiening of vergroting van munisipale hoofdienste hoog is, die bedrag van R15 000 aanpas om werklike koste te dek. Die bedrag van R15 000 sal jaarliks aangepas word.

10.3 Die Munisipaliteit sal geen aansluiting van munisipale hoofdienste voorsien nie voordat 100% van bogenoemde bedrag (10.2) ten opsigte van die totale ontwikkeling/onderverdeling deur die ontwikkelaar/eienaar betaal is nie.

10.4 Die Munisipaliteit onderneem om elke jaar in Novembermaand dienste uit te brei vir aansoeke wat tot en met Oktobermaand ontvang is.

10.5 Enige afwyking van bostaande vereis spesiale toestemming van die Munisipaliteit wat nie onredelik weerhou sal word nie.

11. SERWITUUT

Die eienaar van alle onderverdeelde erwe is verplig om sonder betaling van vergoeding, toe te laat dat elektrisiteitskabels, of-drade, hoof-en ander waterpype en die rioolvuil en dreinerings, insluitende stormwater van enige erf of erwe, oor hierdie erf gevoer word indien dit deur die munisipaliteit nodig geag word en wel op die wyse en plek wat van tyd tot tyd redelikerwys vereis word. Dit sluit die reg van toegang te alle redelike tye tot die eiendom in met die doel om enige werke met betrekking tot bogenoemde aan te lê, te wysig, te verwyder of te inspekteur. Ontwikkelaar moet verseker dat 'n serwituut op sy koste op die transportakte van elke onderverdeelde erf geplaas word wat die Munisipaliteit 'n reg verskaf om bogenoemde te doen.

12. ALGEMEEN

12.1 Alle goedkeuring om onderverdelings verval na twee jaar vanaf munisipale goedkeuring indien die onderverdeling nog nie in die Akteskantoor geregistreer is nie.

12.2 Waar drie of minder erwe onderverdeel word uit een erf (restant plus 2 erwe) het die munisipale bestuurder volmag om die onderverdeling goed te keur.

12.3 Aansoekvorm vir grondgebruiksverandering: Kyk Hoof Admin.: Beleide Mei 11 Verskeie

5. HONDE IN NATUURRESERVAAT EN AKKERENDAM

Dat toestemming aan mnre. J. Nel en J.R. van Wyk verleen word om rondloperhonde binne die tersaaklike vuurwapenwetgewing in die natuurreservaat te skiet in oorleg met Departement Natuurbewaring te Calvinia.

Dat die gebied soos voorgestel ingelyf moet word by Akkerendam Natuurreservaat
Leër: Hoof Admin.: Folder: IDP: Akkerendam vergroting kaart

6. STRAATBOME

Waar straatbome sypaadjies en/of eiendom weselik beskadig, sal bome deur die raad verwyder en die sypaadjie herstel word. Die raad is nie aanspreeklik vir enige skades aan eiendom as gevolg van die boomwortels nie. Die eienaar moet onderneem om ander geskikte bome in die plek van die bome wat verwyder is te plant en ook natmaak en instand hou.

7. GASTEHUISE

Alle gastehuse in die Hantam gebied moet geidentifiseer word en die raad sal 'n ooreenkoms met die eienaars sluit vir "afwyking" vir 5 jaar waarna die eienaars hulle eiendom moet laat hersoneer.

8. PADTEKENS

Padtekens word opgerig in terme van die raad se standard verordeninge

Leër Hoof Admin. Folder: Verordeninge

9. SPOEDHOBELS

Aansoeke om spoedhobbels in elke dorp word verwys na die wyksraadslid wat saam met die wykskomitee die aansoeke sal prioritiseer, en waar nodig verwys na die volgende begroting vir oorweging.

Dat waar inwoners bereid is om op eie koste en volgens die raad se spesifikasies spoedwalle aan te bring, dit goedgekeur word nadat die Hoof Infrastruktuur Ontwikkeling en Adjunk Hoof Verkeersbeampte dit goedgekeur het.

10. VERHUUR VAN SALE

1. Dat die verkeerseksamen lokale nie gebruik word vir vergaderings en of byeenkomste nie.
2. Dat dat riglyne soos voorgelê aan die Raad vir die verhuring van sportvelde en sale goedgekeur word.

Leêr: Hoof Admin: Folder Gesondheid: Sale verhuur riglyne

3. Dat slegs die sporte wat aan die Logan liga deelneem die geleentheid kry om op die grasveld te oefen en wedstryde te speel. Skole word hierby ingesluit.

11. PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING

Inleiding:

Plaaslike Ekonomiese ontwikkeling is 'n sosio-ekonomiese ontwikkelingskonsep wat daarop mik om integrasie en implementering van ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe binne 'n spesifieke Munisipaliteit te verseker. Munisipaliteite is die primêre beskermheer vir die implementering van PEO programme maar behoort dit te dryf in vennootskap met instellings van beide die openbare en private sektor.

Ten einde hierdie proses te versterk behoort daar 'n forum in plek te wees waar al hierdie instellings in staat kan wees om inligting, idees sowel as planne t.o.v. ontwikkeling te deel in 'n spesifieke Plaaslike of Distriks Munisipale area. Die forum behoort hoofsaaklik gevestig te word vir die doel van koördinerende, integrasie en samewerking asook om effektiewe openbare – private vennootskappe of openbare – openbare vennootskap te verseker. Die forum speel daarom dus 'n belangrike rol in die vestiging van hierdie vennootskappe.

Een van die Sleutel Prestasie Areas van Munisipaliteite is Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling waarin Munisipaliteite die verantwoordelikheid gegee word om ekonomiese groei te verseker vir hul plaaslike areas. Dit beteken dat behoorlike en effektiewe meganismes in plek gestel word ten einde sinergie en integrasie tussen PEO aktiwiteite binne Plaaslike Munisipaliteite mee te bring asook die uitdagings wat Munisipaliteite ervaar en in die oë staan.

Die huidige uitdagings t.o.v. PEO:

- Verskille in die begrip van die konsep
- Benadering word deur Regering gedryf
- Swak private en openbare rolspeler betrokkenheid
- Verwronde PEO verwante ondersteuning (ongelyke ondersteuning wat deur ander verkry of geniet word deur ander met behoorlike verbintenisse)

- Behoefte daaraan om 'n platform te hê om van mekaar te leer, wat lei tot die swak vordering in sekere Munisipaliteite
- Tekort aan doeltreffende eenvormigheid in programme op Nasionale, Provinsiale, Distrik en Plaaslike Regeringsvlakke
- Die Nasionale PEO Strategie is nie aanvaar nie
- Tekort aan befondsing vir programme. Die (PEO) Fonds is geïnkorporeer in die huidige Munisipale Infrastruktuur Toelae Fonds (MIG)
- Verwronge of misleidende opvatting oor ekonomiese transformasie is aan gemeenskappe gegee
- Munisipale PEO kapasiteit

Wat hoop die PEO om te bereik?:

- Effektiewe en doeltreffende vennootskappe met die Departement van Plaaslike Regering & Behuising, Distriks- en Plaaslike Munisipaliteite
- Private en Openbare sektor betrokke in die Regering se ekonomiese ontwikkelingsprogramme
- 'n Algemene begrip rakende PEO by alle rolspelers
- Gelyke ondersteuning van programme deur die Regering (Provinsiaal, Nasionaal en Plaaslike Munisipaliteite) en die private sektor
- Versterkte en verbeterde werksverhoudinge
- Identifiseer Hantam Munisipaliteit se bestaansuitdagings ten einde die Regering se prioriteitsintervensies te koester
- Die stigting van die Hantam Plaaslike Munisipaliteit se PEO Koördineringsforum wat die werktuig sal wees om inligting te deel en sodoende PEO sal dryf in die Plaaslike Munisipaliteit
- Om PEO te bevorder

Bowenal hoop die forum om effektiewe koördinasie, bestuur en monitering van programme deur 'n balans daar te stel tussen die sosiale, ekonomiese en regulerende steunpilare (wat almal die implementering van PEO ondersteun) om sodoende institusionele ooreenkomste en kapasiteit te berde te bring terwyl Hantam Munisipaliteit se ekonomiese groei mikpunte/teikens bereik word.

Mandaat van die Forum:

- Integrasie en Koördinerings van PEO planne en aktiwiteite deur beïnvloeding van openbare/publieke private vennootskap en befondsingsgeleenthede
- Samewerking, in lyn bring en versterk dienslewingsnetwerke
- Deel gevalle van beste praktyke en ondervinding
- Identifiseer en verwyder oorvlueling, duplisering van strategieë wat nie in lyn is (effektiewe en doeltreffende gebruik van skaars hulpmiddels) ten einde werklike voorsiening in rasionalisering teweeg te bring
- Benutting van vergelykende en kompeterende geleenthede wat beskikbaar is binne die Munisipaliteit en ondersteuning van die privaatsektor te verseker
- Vaardigheidsontwikkeling en kapasiteitsbou
- Deur saam te stem oor die beste gemeenskaplike visie en aksieprogramme om PEO voorwaarts te neem in die Plaaslike Munisipaliteit

PEO forum rolspeler identifikasie:

'n Deeglike proses van rolspeler identifikasie moet ontvou wat sal lei tot 'n redelike verteenwoordiging. A.g.v. die dinamika en uniekheid van Munisipaliteite, mag rolspeler identifikasie verskil van Distrik tot Distrik of selfs van Munisipaliteit tot Munisipaliteit. Die meeste rolspelers is egter gemeenskaplik selfs vir die Hantam Plaaslike Munisipale Forum.

Rolspelers sluit meestal die volgende in:

- Bestuurder PEO
- Alle finansiële instellings in die area
- Alle Provinsiale Departemente
- Nasionale Departemente (soos nodig)
- Jeugadvies sentrum
- Eskom
- Spoornet/Transnet
- Sakekamer
- Boerevereniging
- Swart Besigheidsforum
- Gemeenskapsorganisasies
- Gemeenskapsontwikkingswerkers
- NGO's
- Raadslede
- Skole (Onderwys)

Die rolspelers sal afhang van die ekonomiese dinamika van die spesifieke Plaaslike Munisipaliteit

Forumvergaderings en fasilitering:

Die forum kan aan die begin twee-maandeliks vergader waarna kwartaallikse vergaderings voldoende sal wees afhangende van die geïdentifiseerde behoeftes.

Die Plaaslike Munisipaliteit moet die drywer en sekretariaat van die forum wees.

Die volgende kwessies vorm deel van die kernbesprekings:

- Integrasie van PEO inisiatiewe om duplisering te voorkom
- Hersiening van PEO planne (indien nodig) om te verseker dat dit in lyn is met die PGOS en ander beleidsraamwerke
- Funksies van rolspelers
- PEO program befondsingsmodel
- Gemeenskap en private sektor deelname in PEO kwessies
- KMMO (Klein, Medium & Mikro Ondernemings-) ontwikkeling en kapasiteitsbou
- Munisipale Dienste Vennootskappe
- Armoedeverligting
- Voorkeur Verkrygingsbeleid en Swart Ekonomiese Bemagtiging
- Kapasiteitsbou van Munisipale PEO amptenare en raadslede
- Algemene kwessies rakende die ekonomiese ontwikkeling op munisipale vlak

Plaaslike Munisipale PEO-eenhede sal verantwoordelik wees vir die algehele koördinerende, fasiliterende en sekretariaat rolle. Die Distriksmunisipaliteit sal ex-officio lede van die plaaslike forum wees. Insette vanaf die Distriks fora behoort die Provinsiale fora in te lig. Gereelde lede bywoning van dieselfde verteenwoordiger is noodsaaklik ten einde die gewenste uitkomst te bereik.

Verslaggewing:

Plaaslike Munisipaliteite moet verseker dat daar voldoende verslaggewing is ten opsigte van die vordering van die aktiwiteite van die forum. Die forum sal aan die Plaaslike Inter-Regeringsverhouding- en Distriks PEO forum verslag gee wat verteenwoordig word deur die Distriksmunisipaliteit. Die plaaslike forum sal ook 'n verteenwoordiger na die Distriks fora stuur. Laasgenoemde sal ook verslag gee aan al die rolspelers oor vordering wat behaal is. Daar sal 'n jaarlikse assessering gedoen word van die forum se aktiwiteite om sodoende te help met maandelikse hersiening van PEO planne om te help met die bestaande diensleweringprosesse en vennootskapstrukture asook GOP hersiening.

Voorgestelde prosedure:

- Waar dit alreeds in plek is, hersien die doelwitte om te verseker dat in lyn is met die bestaande beleidsmandate
- Stig die Distriks/Plaaslike Munisipale Forum
- Vergader tweemaandeliks
- Gee verslag en hersien vordering van die gesamentlike aksieplanne
- Plaaslike Munisipaliteit-Sekretariaat.

12. MIDDELPOS

MIDDELPOS

Dat 'n area naby die skool en begraafplaas geïdentifiseer word vir smous area in Middelpas.

194/11 **SWARTKOP** (Raadsvergadering 1 Desember 2011)

Daar word

BESLUIT

1. Dat 'n projek besigheidsplan opgestel word om die probleme, veral ten opsigte van water en toilette, in Swartkop opgestel word en by Namakwa Distriksmunisipaliteit ingedien word vir finansiering.
2. Dat biblioteekdienste na Swartkop uitgebrei word.
3. Dat 'n sokkerveld vir die gemeenskap geskraap word.
4. Dat Openbare Werke versoek word om die sonpanele, omsetter, batterye en TV terug te plaas by die skool, wat verwyder is nadat die skool gesluit het. Dit kan steeds deur die gemeenskap benut word.

5. Dat IOT gelde ten opsigte van basiese dienste kwartaalliks in Swartkop uitbetaal word. Amptenare sal dit vanaf Calvinia doen.
6. Dat Hantam Munisipaliteit 'n ooreenkoms met die eienaars van die Kerkgebou aangaan dat die Munisipaliteit uitbetalings vanaf die kerk kan doen in ruil dat die Munisipaliteit die kerk help om die gebou reg te maak. Ander departemente gebruik ook die kerkgeboutjie.
7. Dat die Munisipale Bestuurder 'n persoon daar aanstel as deelydse verteenwoordiger/agent van die Munisipaliteit in Swartkop om koördinasie en skakeling te vergemaklik en enige kostes ten opsigte van afdrukke, ensovoorts te vergoed.
8. Dat verdere behoeftes soos deur die gemeenskap geïdentifiseer op die GOP aangebring word.

13. MEENTBELEID

HANTAM MUNISIPALITEIT MEENTGRONDBELEID VIR KLEINBOERE ONTWIKKELING

